Woensdag 12 Augustus
Skrifgedeelte: Spreuke 25
Fokusgedeelte: Spreuke 25:15
Lankmoedigheid breek die hardheid van harte

Ons leef in ’n haastige wêreld en dit kan tot gevolg hê dat ons vinnige resultate wil verwerk. Veral as dit kom by samesprekinge of opinies van mense. Tog, in haastigheid kan emosies hoog brand en woorde onverskillig gebruik word. Dit geld selfs vir ’n regeerder wat geset is in sy beplanning of opinies.

Lankmoedigheid is die spel wat gespeel moet word, want dit behels selfbeheersing om te wag vir die regte tyd. Hoe harder ’n mens soms optree, hoe harder is die weerstand wat gebied word daarteen. In kontras hiermee word ons aangeraai om eerder met ’n sagte tong te praat, want dit is nie deur harde krag wat die mens se hart gebreek word nie.

Ons is trotse, hoogmoedige mense wat vasstaan in ons sonde. Wat die harde bene van ons gees gebreek het, is nie God wat ons slaan nie, maar God wat sy Seun slaan. God is sag teenoor ons, want Hy het sy Seun gebreek onder die straf vir ons sondeskuld. Dit is die sagte antwoord van die evangelie, wat klipharte breek. Die boodskap van die evangelie van Jesus Christus is ferm, maar sag en bemoedigend, want dit is ’n boodskap van genade vir sondaars.

Hierdie waarheid behoort ons eie harte sag te maak teenoor ander, veral as hulle sterk is in hulle gedagtes of persoonlikhede. Fors verander nie, maar die sagtheid van die evangelie. In praktyk kan iemand hoe vasbeslote wees, maar met lankmoedigheid van hart en sagtheid van toon word iemand verander. Dit geld vir jou baas by die werk, jou hardkoppige kind en selfs vir iemand wat jy beskou as jou aartsvyand.

*Sing: Psalm 86-1:8, 9*

*Ds. JA (Jandré) Coetzee (Kleinmond)*